

#4

*Deur* **Nadine Vosloo**
*Foto's* **ER Lombard**

**MEDIUM**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 4/10
**Vaardigheidsvlak** 5/10
**Tyd nodig** 6 uur
(hang af van die grootte van die muur)

## Wat jy nodig het

- 'n Tjhoko-stensilstel – een waarmee jy die blokke kan verf sodat die muur lyk of dit geteël is en die ander met 'n Marokkaanse patroon (hulle pas presies op mekaar)
- Tjhoko-verf (ons het die volgende kleure gekies):
  Lourain's Cream
  Coral Stone
  Cloud White
  Comfort's Blue
  Elvis Mix
- Tjhoko Stencil of Paris
- maskeerband
- 110 mm-sponsroller met handvatsel
- 50 mm-verfkwas
- stensilkwas
- 50 mm-verfskraper

[DROËKWASTEGNIEK]

**Nadine Vosloo, hoof van bemarking by Tjhoko Paint, gee raad.**
Die droëkwastegniek word ingespan om met min moeite en verf die indruk te skep dat die oppervlak liggies tussen verflae geskuur is. In die proses werk jy met 'n amper droë verfkwas waaroor net 'n bietjie verf egalig versprei is. Nadat jy jou kwas in die verf gedoop het, vee jy oortollige verf op 'n droë oppervlak (soos 'n ou koerant) af voor jy die verf liggies, met egalige bewegings, horisontaal en vertikaal oor die oppervlak aanwend vir 'n subtiele voorkoms.
**KONTAK** 073 206 3104, tjhokopaint.co.za

# Tekstuur vir 'n muur

Jy hoef nie duur teëls te koop vir kleur en tekstuur teen jou gastetoilet se muur nie – stensil dit!

## Só maak jy …

**VOOR JY BEGIN** Verf die muur in die basiskleur – ons het Tjhoko Paint se Lourain's Cream gebruik. Wend twee lae verf aan; wag dat die eerste laag goed droog raak voor jy die tweede laag aanwend (ongeveer 30–40 minute tussen lae). Wag dan oornag voordat jy met die stensilwerk begin, aangesien die maskeerband waarmee jy die stensils in plek moet hou, die vars verf kan aftrek.




**1** Verf die "blokke" met jou eerste stensil – die stensil het uitgesnyde vierkante waarmee jy die teël-voorkoms skep. Plak die stensil met maskeerband vas. Gebruik 'n sponsroller en verf die "teëls" met die Coral Stone. Die roller moenie druipnat wees nie en die verf moet egalig oor die roller versprei wees.

**2** Wanneer die blokke droog is, neem 'n 50 mm-verfkwas of 'n stensilkwas en wend Cloud White met die droëkwastegniek aan in elke alternatiewe blok. Wag tot droog en verwyder die stensil. Herhaal oor die hele muur totdat elke tweede blok 'n ligter agtergrond het.




**3** Plak die patroon-stensil in posisie met maskeerband op die presiese plek waar die blok-stensil was. **Wenk** Maak klein potlood-merkies aan die einde van stap 2 sodat jy weet waar die nuwe stensil moet kom.

**4** Gebruik 'n stensilkwas en wend Comfort's Blue aan oor elke alternatiewe blok (dié met die Cloud White-agtergrond).

**5** Meng nou 5 ml Elvis Mix by 'n potjie Stencil of Paris. Die verf kleur die Stencil of Paris-pasta in 'n sagte room-bruin.




**6** Gebruik 'n verfskraper en smeer die Stencil of Paris egalig oor al die oop blokke wat in stap 1 met Coral Stone geverf is. Verwyder die stensil versigtig van links na regs ná aanwending.

**7** Maak seker die stensil is skoon voordat jy die patroon herhaal (was dit in louwarm water en maak goed droog) totdat jou hele muur versier is. Die Stencil of Paris neem 2–3 uur om heeltemal droog te word.